

Nomades Voetslaanklub Roete terugvoer. Ribbokkloof,

So 42km noord van Middelburg op die R555, Rigting Stofberg.
S25.57991 E29.83332



Marius Stander; Silvia de jong; Elize van Huyssteen*; Charlene Joubert; Anna-Marie Lotter; Phrina Oosthuizen; Wilna Moolman; Everdt Combrick, Sanet Burger; Fritz van Deventer, Helga Gombert; Paul Snyman, Christi Blignaut, Charl Roux slaan hul 9 tentjies op by die 'Riverbed Camp'.



Christi, Paul en Charl slaap somer in die kuier-kamer toe hul na 20:00 Vrydagaand eers daar op daag. Anna-Marie pas die kamp terwyl sy nog herstel van haar voetbesering so 8 weke gelede. 14 Kampers.

Wilma Kuhn, Carol Broberg, Erika Barnard; Kobus du Toit*; Celeste Birch*; Helene Gertenbach, Elsabe During en Magda Grobler (8 siele, 9 het betaal) bly in die Blinkblaar chalet met sy 2 slaapkamers bo(2 enkel en 'n dubbelbed per kamer), en ook 'n soortgelyke kamer onder. Onder is ook 2 badkamers met 'n stort elk en 'n kombuis met 'n 2-plaat gasstoof en yskas. Klipmuur en grassdak. Die chalet het ook 12V Ligte en sonverwarmde warmwater asook 'n heerlike binne-braai en kuier/eet-area. Selfs 'n TV en DSTV dekodeerder.



By die 'Riverbed Camp' het die manne (His) 3 storte, 2 toilette, 2 wasbakke en 4 staanplekkies. Dames (Hers) het 'n bad, stort

en 3 toilette en 4 wasbakke. Heerlike warm water per Donkie wat Wilhelm, die plaasbestuurde vir ons kon 'aansit'. Hy belowe ook die roete is goed gemerk!. Daar is 12V battery ligte in die ablusie geriewe en ook die 2de aand in die kuier/braai afdak. Geen 220V krag nie. So sewe mense van die Toyota 4x4 groep deel die kamp saam met ons met hul 4 voertuie.



Vrydag middag daar die stapper so stuk-stuk op. Dit is somer alreeds n avontuur net om almal se verskillende tente, matrasse, en ander kamp-geriefies te bewonder. So in die agterkop word aankoop/wenslysies gemaak as die beursie en die geleenheid hom weer voordoen om kamptoeerusting aan te vul.



Saterdag begin die Tent-slayers so vanaf 7:00 te roer. Dit is Koud. Ons is in 'n klofie, langs 'n riviertjie, in tentjies. Seker so 3grade gewees die nag. Party het kouer as ander gekry. Na opstaan en warmword en ontbyt begin ons so 8:30 stap. Bietjie later agv sekere wat nog skarrel. Ons volg die wit spoortjies. Die Ribbok Roete. Die Chalet-blyers stap vandag apart op hul eie tyd. Hulle is so 1.9km van ons af. Ons besef hoe koud dit was toe ons die ryp in die gras langs die pad sien. Die eerste sowat 2.5km is op die karpad onder in die klofie wat al die verskillende chaletjies en kamplek van Ribbokkloof aanmekeer. Verby Aalwyn chalet oorkant die dam met sy boom en vinknessies, die afdraaipad na Blinkblaar en Wilger chalet en 'n paar ander en dan Stinkhout chalets aan die bo-kant van die kloof. Dan die bordjie wat noem die Ribbokkloof Voetslaan Roete is op 6 Desember 2008 geopen.



Hier soek ons almal die paadjie wat volgens die kaart moet opgaan.

Ons vind dit. Nie baie goed gemerk nie.



Nou begin ons bietjie te styg uit die valei uit. Op al langs 'n klein stroompie. Verby "Gideon se Roete/Waterval" klein, maar tog mooi. Die bordjie na die Touleer, wat te oordeel aan die toegegroeide toestand van die paadjie nie baie gebruik word en ons volg, soos sekerlik die meeste stappers die Alternatiewe' roete op. Tot bo teen die heining en deur twee hekke. Nou is ons redelik hoog en het mooi uitsigte oor die rollende vlaktes en valei en die wêreld rondom ons. Ons stop gereeld en kyk uit en neem fotos. Nie baie bome nie.



Groen is Natal?



Dan loop ons so skuins bo-kant 'n boomryke klofie. Ons word begroet met die vreemde bordjie "'Groen is die land van Natal", hier naby Stofberg. Af tot by "Take a break/Rustyd" waar ons die bordjie gehoorsaam en versnapperingkie geniet en bietjie kuier. Weer op en oor die enigste staal leertjie.



Dan stop en kuier ons weer by die klipplate/stroompie wat as daar meer water is, seker ook meer van 'n kaskade/waterval sou vorm.

Bietjie van 'n gelykte oor 'n grasvlakke en dan die af. Deur die mooiste, hoë aalwyne. Verby die groen, skaduryke koelteklofie en dan begin die groot af. Steil en losklippe.

Niemand voel baie veilig hier nie. As jy gly gaan jy seer gly.

Voetjie vir Voetjie. Min word hier gedoen om erosie te voorkom.

Ons kom almal veilig onder aan. Die laaste entjie af tot by die riviertjie waar ons versigtig, droogvoets oor die klippe kom. Fyntrap. En dan die laaste paar honderd meter vir ons Tent-kampers.

Net onder die 9km vir die dag. Nou is dit warm. Skoene uit, Stofies opsteek, Stort, Sommer net bietjie slegwees. So net na 13:00 by die kamp gewees.

Later die middag gaan so vyf van ons tenters vir die hutters kuier en beny hulle so

bietjie met die binne-braai area en ablusie geriewe in die huis. Luuks!. Maar ons kamp lekker en verlang alreeds na ons tentjies en opblaasmatrassies op die grond en ons buite-braai in die vrye natuur, met mooi uitsigte en oorgenoeg ventelasie.

Charl besluit sommer om die Saterdag saam met die Blinkblaar-hutters te slaap. Dit lyk vir hom te lekker warm daar.

Die Tenters besluit om laat vanmiddag al die kuier-hout-vuur aan te steek. Sodat ons dit kan benut voordat dit heeltemal te koud raak buite. Later die brikette ook aangesteek vir die braai. Soos gewoonlik heerlijk gebrui en ge-eet. As die sonnetjie

kop wegtrek oor die koppie is dit sommer dadelik koud.

Ons begin in te trek in die die kuier-kamer wat darm heelwat meer beskutting gee. Elize se mini 3-pootjie

wat sy met kook-jel aan die gang hou en haar sosatie-

vleis en fyn groentes in stook fasineer meer as een van ons. Letterlik 'n een-

porsie-pot. Vannaand is ons 4x4-mede-kampers ook heelwat minder luidrugtig,

en ons slaap almal rustig nadat hulle die 4x4 paadjies op die plaas vandag

'getoets' en beproef het.



Sondag

Die Blinkblaar chalet inwoners begin sowat 8:00 stap en sluit so 8:25 by ons aan, aangesien die stappaadjie in ieder geval verby ons kamp loop. Ons volg die geel spoortjies op die 'Bushpig trail'.



Redelik gou 'n wille opdraande gekry en ons styg al met die 4x4 pad op. Dan sien sommige die afdraaipaadje en draai regs in die veld in en ander sien dit nie en stap aan. Ons ontmoet mekaar later by 'n hek weer. Nie baie goeie merke nie. Ons is nou weer bo-op die meer gelyk deel maar aan die ander-kant van

die kloof as die Saterdagstap. Verby die Bees-laai-plek. Ons sien nie meer voetjies. Ander het ook nie die merkers gesien nie, en volg sommer die karpad



af kamp toe. 'n Klompie van ons stap al draadlangs aan en vind weer die merkers. Sommige stap verby die 'Bushpig Shelter' wat nie heeltemal meer lyk of dit in gebruik is nie. Sonder deure en Vensters, maar as dit moes sou jy op die grond- en gras-vloer kon slaap. Dan af in die klofie bo-kant die Stinkhoutchalet. Regs swenk uit die 4x4pad in die veld in en 'n enjie al af en al langs 'n klein stroompie. Onder in die valei bietjie asemgeskep en versnapperinge geniet wat nog oor is in die dagsak. Dan weet die sowat 2.5km al met die pad-langs, verby al die chalets tot by ons tent-kamp. Ek het dit so onder die 8km gemeet vir die' dagstap. Seker so na 11:0 by die kamp gewees.

Nou begin inpak en oppak. Slaapsakke stop en opblaasmatrasse afblaas. Tente afslaan en grondseile oopgooi om droog te word. Die Dou van die vorige nag is darm al opgedroog op die gras en op die tent.

Motors gepak en op-pad. Sowat 185km terug na Pretoria.

Lekker basiese verblyf. Ons tent nie altyd, nie, veral nie in sulke lekker kouer aande nie, maar dit was 'n heerlike naweek. Die ablusie geriewe het gewerk en die warmwater was daar. Die eerste rolletjies witgoud is self voorsien. Mens stap maar heelwat op motor en 4x4 grondpaadjies, ook langs heinings en deur hekke, maar die pla nie so baie nie. Moet net nie 'n ongerepte bos-ervaring verwag nie. Die grootste deel van die roetes is ok gemerk met klein spoortjies wat op plat, meestal los klippe op die grond gemerk is. 'n Paar plekke, veral op kritiese draai-punte moet daar egter maar bietjie aandag aan die merke gegee word. Dan sal heelwat minder verdwaal. As die baie meer gereën het, sal al die stroompies en watervalletjies ook heelwat meer indrukwekkend wees.

Sien ook www.ribbokkloof.co.za

Die Klub vra die chalet-blyers R520 per lid vir die naweek en die Tenters R160 per persoon vir die naweek. Hout is daar beskikbaar, maar redelik duur, R30 of R40 per bondeltjie, afhangende die soort. Bring gerus jou eie saam.

Finansies:

Inkomstes : R7090

Inbetalings (Hutters 9x) : R4740

(Tenters 14x) : R2350

Uitgawes: R7222

Verblyf (Chalet9xR250pn*2nagte)+(R50per staanplek+R50 per persoon per nag kamp) : R6600

Brikette (6 sakke@ R30 elk) en aanstekers(2 boksies) : R 182

Hout (4 sakke) R40x2(hutters) + R30x2(tenters) : R 140

Deposito wat ons waarskynlik verbeur agv handoeke wat eienaar sê weg is : R 300

Projek verlies : R132.00

Nomades Groete.

Marius Stander.

Sien www.nomades.co.za en kies Dumente/Aflaai vir meer soortgelyke verslae.

Kaart soos ons die roete geloop het hieronder. Die dun swart lyntjies het ons maar roetes ge-improviseer.

